# BOEKBESPREKING

DR. TH. C. VRIEZEN, *Hoofdlijnen der Theologie van het Oude Testament.* Wageningen, H. Veenman & Zonen, 1949, 302 bls. — Prys geb. f 9 75.

Prof. Vriezen, die bekende werksame en produktiewe Outestamenticus van die Universiteit van Groningen het met hierdie werk sonder enige twyfel 'n groot diens bewys aan almal wat Teologie

studeer en belangstel in die godsdienstige inhoud en waarde van die Ou Testament. Dis wel merkwaardig dat daar nog nooit 'n dergelike werk van Nederlandse kant verskyn het nie. Die enigste wat in die Nederlandse taal uitgegee is in hierdie en die vorige eeu is vir sover my bekend 'n vertaling, nl. van die *Vorlesungen über die Theologie des Alten Testaments*, van G. F. OEHLER, postuum in 1873/4 uitgegee en 5 jaar daarna deur DR. J. HARTOG, Doopsgesinde predikant van Utrecht vertaal en by Kemink & Zoon verskene. Wel is die inhoud van die Ou Testament van godsdiens-historiese kant behandel in die standaardwerk van KUENEN, *De Godsdienst van Israel* 1869 v. en 60 jaar later opnuut deur sy leerling en tweede opvolger EERDMANS in 'n gelyknamige werk, in 1947 opnuut verskene in 'n nuwe bewerking nou in die Engelse taal en het VALETON in Chantepie de la Saussaye se *Lehrbuch der Religionsgeschichte* die godsdiens van Israel behandel en OBBINK SR. in die serie Groote Godsdiensten 'n uitnemende kort skets daarvan gegee. Maar dis tog merkwaardig dat so 'n teologies geïnteresseerde en ontwikkelde volk as die Hollanders so weinig eg teologies op die gebied van die Ou Testament gelewer het. Hier het werklik 'n ereskuld ontstaan, met die voldoening waarvan Vriezen in sy bogenoemde boek 'n gelukkige begin gemaak het.

Vriezen is by die uitwerking van sy stof getrou gewees aan wat hy eenmaal (in die *Inleiding tot de Theologische Studie* samengesteld door de Faculteit van Godgeleerdheid aan de Rijksuniversiteit van Groningen, 1946, bl. 41) geskryf het: „De O.T.ische theologie leert men niet goed uit een boek, maar alleen uit het O.T. zelf. Alleen door veel te exegetiseeren kan men den God van Israel leren kennen." Vanselfsprekend blyk die hele geskrif deur dat die skrywer van die leerboeke op hierdie gebied verskene wel degelik op die hoogte is en self ook daarvan geleer het. Maar meer as tot die teologiese beskouings o o r die O.T. lei hy ons tot die O.T. self. Die boek word beskeie genoem „Hoofdlijnen" maar daar is weinig onderwerpe uit die groot rykdom van teologiese gegewens van die O.T. wat Vriezen nie behandel of raak nie. 'n Volledige leerboek van O.T.iese Teologie wil dit nie wees nie, soos reeds uit die ontbreek van 'n behandeling van die geskiedenis van die leervak en van 'n literatuuroorsig blyk. Uitnemend lyk my die hoofgedagte, die „ene, alles beheersende" van die boek dat die O.T. ons die God van Israel nie leer ken as die God van heiligheid alleen nie, maar as Diegene wat as Heilige gemeenskap met Sy volk het. Hierdie hoofgedagte word in die VIde hoofstuk helder uiteengesit onder die titel „Het karakter der oudtestamentische Godskennis als gemeenschapsverhouding van de heilige God met de mens". Hier word seker 'n gesonde teenwig gegee teen oorbeklemtoning van die heiligheidsgedagte in 'n teologiese bostroming en ook wel O T.iese literatuur van ons dae. Nugterheid en 'n weiering om hom deur numo-

diese beskouings en hipoteses te laat meesleep kenmerk die hele boek.

In 'n inleidende deel van ongeveer 80 bladsye behandel die skrywer die belangrike onderwerpe van: Die Christelike Kerk en die O.T., Die historiese karakter van Israel se Godskennis, Die leidende geestelike gedagtes van die O.T.iese geskrifte, Die O.T. as Woord van God en Die onderstelling, taak en metode van die O.T.iese Teologie.

Die behandeling van hierdie onderwerpe is van heel ongelyke lengte en ook wel verskillend van gehalte. Die historiese uiteensettings lyk my aanmerklik beter geslaag as die sistematies-teologiese, hoewel ook daarin die hoofsake m.i. reg gestel word en tereg sowel teen die historisme as teen sekere teses en uitgroeisels van die dialektiese teologie stelling geneem word. Die betoog in die sistematiese hoofstukke gaan somtyds minder vlot en die redenering word te veel onderbreek. Hoofstuk III met sy raak tipering van die vernaamste skrywers en geskrifte van die O.T. lyk my die beste geslaag.

Met Hoofstuk VI begin die behandeling van die inhoud van die O.T.iese Teologie. Hier stel die skrywer tereg as karaktertrek van die O.T.iese Godskennis die gemeenskapsverhouding tussen die heilige God en die mens, dus nie alleen die heiligheid van God nie en nog minder met Pedersen die gemeenskapsverhouding as 'n natuurlike, as vanselfsprekende, aan die Israelitiese voorstelling van God en die siel inherente. Die mees sentrale uitdrukking vir die geloof of godsdiens van die O.T. is *jir'at Jahwê* „vrees (nie angs nie, eerder eerbiedige vertroue) vir die Here (die Verbondsgod)". Die verbondsverhouding is nie 'n verdragsverhouding van „partners" nie, maar 'n lewensgemeenskap uitgaande van Jahwê. Simbool van die sekerheid van die gemeenskap van die heilige God en die mens is die voorstelling van die geskape wees na die beeld en gelykenis van God waardeur enersyds die absolute onderskeidenheid van God en mens andersyds hulle verbondenheid uitgespreek word.

In die volgende hoofstukke word die Godsvoorstelling en mensbeskouing van die O.T. behandel; daarna volg „Die verkeer van God en mens". Onder hierdie gesigspunt word die behandeling van die Openbaring en die Woord in die O.T. gegee. Dit is ewe verrassend as belangwekkend en m.i. juis. Dit is bewus gedoen in teenstelling tot „de nieuwe theologie" wat die Woord en die Openbaring as sodanig sentraal stel. Woord-openbaring het volgens die skrywer wel 'n beslissende plek in die verwesenliking van die koninkryk van God, maar die gemeenskap van God en mens is die sin en doel van die Openbaring.

Belangwekkend is ook in hierdie hoofstuk die behandeling van die versoeningsvoorstellings van die O.T. Tastend, versigtig afwegend en sonder om die verskillende voorstellings in die dwangbuis van een dogmatiese opvatting te probeer saampers word die gegewens van die O.T. nagegaan.

In die Xde hoofstuk is die etiek aan die orde onder die opskrif „Het verkeer van mens en mens". Hier word alle nadruk gelê op die religieuse karakter van die O.T.iese etiek. Die vraag of die gesindheidsonde in die O.T. voorkom word teen Eerdmans e.a. bevestigend beantwoord en met o.i. afdoende bewyse.

Die boek sluit af met 'n hoofstuk onder die titel „God, mens en wêreld, Heden en toekomst" waarin die vrae van skeppingsgeloof, universalisme en eskatologie behandel word. Die laaste word m.i. wel wat summier bespreek. Sy betekenis is groter as wat mens uit die weinig daaraan bestede bladsye geneig sou wees op te maak. Is dit nie juis ook die heilsverwagting wat 'n spesiale besit van Israel in onderskeiding van die ander volke was en wat soos 'n goue draad deur die hele O.T. loop? Ook die kwessie van die oorsprong van die heilsverwagting kon meer aandag gekry het as net in 'n voetnoot. Maar moontlik het die skrywer gemeen dat die heilsverwagting breed genoeg in die boekwerk van Edelkoort uiteengesit is.

Inderdaad is in die boek van Vriezen die hooflyne van die Theologie van die O.T. getrek en duidelik sowel as oortuigend aangewys. Waar mens soos die resensent soseer op al die hoofpunte met die skrywer saamstem kom kritiek op besonderhede min of meer as 'n bepaalde spesery na die maaltyd. Vriezen se transskripsie van Hebreeuse woorde is my te onnoukeurig en sou so gemaklik in wat wetenskapliker baadjie gesteek kan word. Waarom *ᶜolam habba* en *hazze* wat deur slordige studente seker *ólam hábba* en *házzê* gelees sal word in pleks van *ᶜolām habbā* en *hazzê* en waarom nie *mal'āk mēlis* nie in pleks van *malak melis* met gevaar van penultima beklemtoning? Die skrywer se eksegese van die Kain en Abel offerperikoop deel ek nie, ewemin as sy uit sy inleiding in die Servire-reeks bekende opvatting van Hooglied as aanhangsel aan Spreuke. Hoofstuk V is wel ekstra kort en op bl. 77v. word die inhoud van die O.T.iese teologie m.i. wel te seer aan die band van „de blijvende, voor het Christelijk geloof beheersende elementen van Israels religie" gekoppeld. Die twee lyne deur Sellin in sy O.Tiese Teologie onderskei, kom ook in die Christelike kerk meermale tesame voor en albei is blykbaar deur God gewild. Dat *Sebā'ôt* as 'n eie Godsaanduiding en as pluralis intensitatis opgevat moet word, dus soveel as Almag, Almagtige lyk my onseker: *sābā* is tog meer leërskaar as mag. Dit is vreemd dat by die bespreking van die heiligheid van Jahwê die belangrike boek van Hänel onvermeld gelaat is. Dat die Prediker so sterk aan Gods heiligheid sou vashou (bl. 101) kan moeilik so gesê word; die woord heilig kom in sy boek nooit van God voor nie, slegs eenmaal van die heilige stad. Die skrywer verwerp die gedagte van 'n Israelitiese troonbestygingsfees van God geheel (bl. 132): 'n artikel van Prof. Bentzen in ons volgende nummer belig 'n ander sy van die saak Ook van kultiese profete wil die skrywer nie weet nie

(bl. 201); hy sal die meermale optrede van profetiese stemme in die Psalms dan moeilik kan verklaar. Bl. 212 is Jer. 43:3v. 'n drukfout vir Jes. 43 : 3 v. Bl. 216 is „lossing" verkeerd (sien bl. 212) vir „loskoop". Die verwysing bl. 270 Lievestad: *Guds straffende Rettfertighed* is onvolledig. Dat die oordeel oor die sonde eers gevel word op grond van die daad (bl. 276) is m.i. minder juis, sien Lev. 19 : 17 en 18 en die „gemeenskapsverhouding liefhê" as Godsgebod Miga 6 : 6. Dat volgens Gen. 1 die waters daar voor die skepping was (bl. 284) veronagsaam die 1ste vers. Dat die waarde van die Prediker lê in die ontmasker van die menslike rede (bl. 287) mag waar wees, maar dis seker nie die bewuste bedoeling van die Prediker self nie.

Professor Vriezen word gelukgewens met sy dapper en welgeslaagde onderneming van eindelik eens 'n suiwer Nederlandse teologie van die O.T. te laat verskyn en die uitgewer met die keurige vorm waarin hy dit aanbied, 'n waardige selfs na die formaat gelyksoortige teenhanger van die bekende dele van die reeks „Theologia".

11 Mei 1950.

B. GEMSER.

---

DR. HERBERT H. FARMER, *Dienaar des Woords*. Vertaling door Ds. G. F. H. Gijmink. G. F. Callenbach, Nijkerk. 1949. 133 bladsye.

'n Besinning oor die prediking in die eerste plek wil hierdie boekie nie wees nie, maar wel 'n besinning oor die prediker. Die titel gee die inhoud na waarheid weer. DR. FARMER, opvolger van DR. JOHN OMAN in Cambridge, het die inhoud van hierdie werk, blykens die „Woord Vooraf", in Edinburgh in die vorm van lesings voorgedra.

Sy uitgangspunt is, soos die van die TAMBARAM KONFERENSIE, die geloofsstelling dat die enigste ware, internasionale en dinamies lewende gemeenskap temidde van die mensheid wat rondom ons aan stukke val, die Christelike Kerk is.

Veral die laaste hoofstuk bring oortuigend na vore dat hierdie geloofsstelling nie sommer gemaak is nie. Die na-oorlogse wêreld het gemis aan „derde dimensie", d.i. gemis aan ewigheidsbewussyn; en dit maak die wêreld somber, doelloos en uitsigloos.

Ons mensdom het ook 'n gemis aan die besef van eie waarde, ly aan 'n indiwiduele en gemeenskaplike minderwaardigheidskompleks. Aan die eerste gemis kan alleen die bewussyn van die ewige voldoen, aan die tweede alleen die herstel van die liefde. Die skrywer se diagnose van ons krankheid bring verder na vore 'n gemis aan sekerheid; en dit lei tot stuurloosheid, rigtingloosheid en n fatalistiese laat-maarvaar lewenshouding. Alleen die wete dat God doel en rigting aan die geskiedenis gee, kan hierdie troostelose lewens-uitkyk verander.

En dan is die werk van die dienaar van die Woord om die vrede in hierdie onrus, die troos in hierdie troostelose, die liefde in hierdie gemeenskaplose gemeenskap te bring aan die wêreld en aan die enkeling deur effektiewe prediking. Hy moet mens en gemeenskap na Jesus bring.

Hoe die prediker sy boodskap moet bring, is die vraag waarop hierdie boek eintlik wil antwoord. Die skrywer sny skerp en raak alle tierlantyne, alle tradisie-aanpaksel, alle groot- en vroomdoenerigheid van predikers in die prediking af. Hy stel die dienaar voor die essensiële en aktuele van 'n wêreld wat in lewensnood en doodsangs verkeer. Sy benadering is nugter, saaklik en waar. Plegtigheid moet in die prediking plek maak vir eerbied; die onpersoonlike, offisiële lewering van die boodskap aan die gemeente wat dit kan aanvaar of nie aanvaar nie, moet plek maak vir die intens-persoonlike betrekking, enersyds van „ek-U" (die prediker teenoor God), andersyds van „ek-jy" (die prediker teenoor die mens).

Sogenaamde lospredikers wat van gemeente tot gemeente trek „soos 'n bedelmonnik", wat dus nooit in konkrete, aktuele, persoonlike betrekking tot die gemeente te staan kom nie, word uit hoofde van hierdie aktualiteits- en persoonlike betrekkings-eis, deur die skrywer ook sterk veroordeel.

Met alles wat Dr. Farmer stel, sal mens dit nie eens wees nie; byvoorbeeld sy voorstelling van die wilshandeling van die oortuiging, kry dikwels die voorkoms asof daarmee bedoel word oorheersing van die heilsoekende mens deur die dienaar van die Woord.

'n Mens is dit ook nie eens met sy dogmatiese beskouing dat die Heilige Gees in die volgeling van Christus dieselfde gees skep as wat in Hom was nie, „zonder hem egter te vragen, buiten zichzelven te treden, of anders te leven dan volgens zijn eigen inzicht in de waarheid." (blsy. 132). Mens mag dit hiermee nie eens wees nie, maar of mens prediker of ontvanger van die prediking is, hierdie oorwoë, lewendige, aktuele stukkie prediking oor die prediking in die moderne wêreld, en vir die moderne mens, kan nie anders nie as om nuwe perspektiewe te open. Dis 'n eerlike diagnose van die kwale van ons maatskappy, eerlike en heling-belowende diagnose ewe-eens van die kwale van ons predikers en ons prediking.

A. S. GEYSER.

---

P. C. Ijsseling, *Tertullianus Apologeticum, Verdediging der Christenen.* Vertaald en toegelicht. Serie, Klassieken der Kerk. U.M. Holland, Amsterdam. 1947.

Berustend op die jongste tekskritiese ondersoekinge, hoofsaaklik van J. P. Waltzing, is hierdie vertaling 'n getroue weergawe van die

oorspronklike. Naas die figuur van sy jongere tyd- en in menige opsig geesgenoot, CYPRIANUS, het TERTULLIANUS aan die begin van die derde eeu hom as een van die grootste en moedigste voorvegters van die Christendom betoon. Soos CYPRIANUS, was TERTULLIANUS vroeër 'n juris en aan hulle sistematiese denke, hulle fyn ontleding van, en antwoord op die situasie waarin die Kerk hom bevind het — nie net deur vervolging van buite nie maar ook deur verval van binne — is die weg berei vir die grootse gebeurtenisse van die vierde eeu, toe die Christelike Kerk staats-erkenning gekry het en gegroei het tot onbetwisbare wêreldkerk Die Apologeticum het in hierdie voorbereidingstaak — weerlegging van valse aantyginge teen die Kerk en voorligting oor sy ware leer en beoefening — 'n nie geringe rol gespeel.

As proewe van die bekwaamheid van die advokaat vir die Christendom, TERTULLIANUS, kon die uitgewers moeilik 'n beter werk gekies het vir hierdie reeks van vertalinge. IJSSELING se toeligtinge en byskrifte is, soos sy vertaling, helder en korrek. En daarmee voldoen dit nie net in die behoefte van die belangstellende lidmaat nie, maar ook in die studie van die Oud-christelike Lettere. Die historiese inleiding op die vertaling is oorsigtelik, dog sonder om aan bondigheid in te boet en dit sluit af met 'n keur van die literatuur oor die persoon van TERTULLIANUS en die teks van die Apologeticum.

Baie van die mededelinge en formuleringe wat TERTULLIANUS gemaak het, is nie alleen verhelderend vir die geskiedenis van die Noord-Afrikaanse Kerk nie, maar dit leef vandag nog voort, byna as axioma's van die Kerk; so byvoorbeeld die slot-akkoord van die Apologeticum, „wanneer ons deur julle veroordeel word, word ons vrygespreek deur God". (cap. 50.16), en dan die troosteryke woorde vir die martelaar van elke eeu, waaruit die onvernietigbaarheid van die Kerk as 'n triomfroep vanaf die brandstapels weerklink, „die bloed van die Christene is saad (van die Kerk)." (cap. 50.13), en daardie dikwels beskamende getuienis van die heidene oor die vroegste Christendom, „Kyk hoe lief het hulle mekaar." (cap. 39.7).

By die toeligting oor die *agape*, waarna TERTULLIANUS (cap. 39.16) verwys, kon die vertaler uitvoeriger gewees het, veral met die oog op die feit dat hierdie vertalinge ook diensbaar wil wees vir die onderrig van die gewone lidmaat. Op bladsy 105 reël 20 van bo af, behoort te staan *iemand* i.p v. *niemand*.

Ons beveel hierdie boek sonder die minste wyfeling aan.

A. S. GEYSER.

---

*De Kerk Thuis. Zondagboek.* U.M. Holland, Amsterdam. 1948.

Met die medewerking van tagtig predikante van die Nederlands Hervormde Kerk opgestel, onder wie sulke bekende figure as DRS. H. BERKHOF, M. H. BOLKESTEIN, W. F. DANKBAAR, G. SEVENSTER, E. L.

SMELIK, DI. C. AALDERS, J. J. BUSKES, H. C. TOUW en A. K. STRAATSMA, die bekende Haagse predikant beroemd om sy *Kent Gij Uw Bijbel,* is hierdie Sondagsboek verteenwoordigend van die beste van die nederlandse prediking. Volgens die „Ten Geleide", is die boek te beskou as 'n vrug van die herwonne sendingsbewussyn van die Kerk, en bedoel om die Evangelie te bring op die Sondag, en ook op die weeksdag, aan hulle wat nie in die geleentheid is om die gereelde erediens by te woon nie. Ek dink dadelik aan die onskatbare waarde van 'n dergelike boek vir ons afgeleë lidmate, vir leesdienste in ons konsulent-gemeentes; en hier in ons stede, vir die groot aantal lidmate, wat weens die aard van hul werk, nie elke Sondag onder die prediking kan verkeer nie. Daarby kom dat ons Kerk nog so arm is aan dergelike lektuur.

Elkeen van die preke is aktueel en spreek die mens van die twintigste eeu ontnugterend, vertroostend, bemoedigend aan. A. K. STRAATSMA se preek oor „Genade en Waarheid" (blsy. 263) en dié van Ds. TOUW oor „God's Geduld" (blsy. 208) sal lank naleef in die gedagtes van elke leser.

'n Besondere voordeel is die feit dat die prediking ge-orden is aan die hand van die Kerklike jaar — eers die feestelike helfte tot aan Pinkster en daarna nog sewe-en-twinting preke gedurende die feestelose helfte van die jaar. 'n Aparte stuk is gewy aan „Besondere Dae en Geleenthede". Onder hierdie laaste rubriek kom 'n sendingspreek van DR. DANKBAAR en 'n huweliksprediking deur DS. KREB voor, wat nie sonder verryking gelees sal word nie. Hierdie boek behoort in al ons huise tuis.

A. S. GEYSER.

---

D. J. BAARSLAG, *Het onze Vader*. Bosch en Keuning, Baarn. 1948.

Die skrywer het 'n deeglike voorstudie gemaak van die werk van geleerdes soos BORNHÄUSER ,FIEBIG, A. M. BROUWER, G. BENTZ en verskillende kommentare op Luk. 11 en Mt. 6. Sy aanpak van die onderwerp, die Onse Vader, is helder en logies. Hy begin by die begin, namelik met 'n wetenskaplike verantwoording oor die gesteldheid van die twee oorleweringe van die Gebed van die Here. 'n Hoofstuk wat weereens getuig van deeglike belesenheid, word gewy aan die joodse parallelle van die Onse Vader. Daarna word hoofstuk vir hoofstuk een van die bedes behandel en hierin kom BAARSLAG te voorskyn met baie van die unieke segswyses wat ons van hom ken en waardeer. Hy het die slag om die reeds bekende altyd weer op 'n nuwe en frisse manier te stel. So tipeer hy die aanhef van die gebed, „Onse Vader", as die kortsmoontlike geloofsbelydenis (blsy. 36); die bede, „Laat U Naam geheilig word", gee hom die geleentheid om met reg en skerpte niksseggende veelseggendhede in die kanselgebed te veroordeel.

Maar daar is enkele dinge waarmee ons ons nie kan vereenselwig nie. Die eerste is 'n onnodige dominé-vyandigheid wat so dikwels deurslaan dat dit steurend word. Vergelyk op bladsye 10, 30, 88 en 123. En dit is te meer steurend as dit blyk dat die skrywer so afhanklik is van dieselfde „theologen en gestudeerden" dat hy selfs saam met hulle dwaal waar hulle dwaal, byvoorbeeld wanneer hy FIEBIG volg in die veronderstelling dat die verskil tussen die twee oorleweringe van die Onse Vader deur Mt. en Luk., gewyt moet word daaraan dat Jesus soms die kortere en dan weer die langere vorm van die Gebed sou gebid het!

By die behandeling van die bede, „Onse Vader", mis ek 'n bespreking van die eis van kinderlike afhanklikheid waartoe die bid van die bede die gelowige verplig. Sou die skrywer hier nie ook met vrug kon gewys het dat die kortsmoontlike geloofsbelydenis meteen ook die kortsmoontlike skuldbelydenis is nie? Geloofsbelydenis en skuldbelydenis is van mekaar nie te skei nie.

Onder sy uiteensetting oor, „Laat U wil geskied in die hemel en netso ook op die äarde", maak die skrywer miskien 'n al te gewaagde stelling as hy sê dat die etiese dualisme van die ou Ooste deurwerk deur die hele Bybeltaal. Aan die einde van die behandeling van hierdie gedeelte kon die skrywer met vrug daarop gewys het dat hierdie bede, juis omdat dit deur die Here aan ons geleer is, meteen ook troosteryke versekering vir die gelowige is, dat God's wil sal geskied. God's wil is immers heilswil en liefdeswil.

Ek kan ook nie die skrywer se verklaring van „hart" (Mt. 15 : 19) as „gees" billik nie. Ook in die betrokke passage is die hart, soos altyd in die joodse voorstelling, die setel van die affekte.

Eindelik nog 'n paar opmerkinge oor die tegniese afwerking van die boekie: Voetnoot 4 op bladsy 12 moet waarskynlik doel op die vantevore aangehaalde P. FIEBIG; die voetnote op bladsye 111, 116, 117 en 118 is verwarrend en moet hersien word.

Maar die boek van Baarslag is allesins lesenswaardig. Daar staan veel in wat elke leser baie nuwe gesigspunte en 'n diepr waardering vir die gebed van die Here sal gee.

A. S. GEYSER.

---

PROF. DR. S. P. ENGELBRECHT, *Die Nederduitsch Hervormde Gemeente van Rustenburg,* 1850-1950. Pretoria, 1950.

PROF. ENGELBRECHT is erkend een van die beste kenners van die geskiedenis van Suid-Afrika en van die Kerkgeskiedenis hier ter lande. Hy het hierdie boek geskryf vir die geleentheid van die Eeufeesviering

van die Rustenburgse Gemeente van die Ned. Herv. Kerk. Dit is die tweede oudste gemeente in die Transvaal en het in hierdie jaar sy honderdjarige bestaan herdink, soos die Potchefstroomse Gemeente in 1942 gedoen het.

„Die Hervormde Kerk is die Kerk waarmee Transvaal aangelê is." So begin die skrywer sy geskiedenis van die gemeente en wys daarna op die voortdurende bedreiging van die Hervormde Kerk deur die Kaapse Kerk, soos Transvaal self voortdurend uit die Kaap bedreig is. Die Transvalers het daarom op kerklike en staatkundige gebied nie sonder rede nie, wantrouig gestaan teenoor die Kaapse goewernement en die Kaapse Kerk. Besoekende Kaapse predikante het deur hul optrede die wantroue dikwels vermeerder.

Tot die afstigting van die gemeente is op die Potchefstroomse Kerkraadsvergadering van 21 Jan. 1850 besluit en die Volksraad het dadelik daarop twee onbeboude plase aan die te stigte gemeente toegesê. Dit het die kerkdorp, Rustenburg geword. Maar die afstigting self het eers in November 1850 werklikheid geword.

Deur al hierdie vertelling hou die outeur 'n stroom van intieme beskrywinge van persone en toestande by, waardeur die verlede voor mens leef asof jy daar self teenwoordig was. So 'n voorval nou as die akrobatiese vreugde-toer van Paul Kruger, die latere staatspresident, op die nok van die pasvoltooide kerkgebou! (bls. 14).

Die groei van die gemeente was vlug, sy weg moeilik en sy beproewinge veel. Verleentheid om 'n eie predikant, het telkens weer die hefboom geword waarmee besoekende Kaapse predikante die Transvaalse Kerk en gemeentes onder die Kaapse Sinode wou inwig. Maar die Transvalers se keuse was een van beginsel: liewer sonder predikant as onder die Kaapse Sinode. Hierdie toestand het daartoe gelei dat die Kerk in die Transvaal sy eerste predikant uit Holland beroep het, naamlik Ds. Dirk van der Hoff. En van die betekenis van hierdie Godsman het die sterwende Staatspresident Andries Pretorius in skrif getuig, terwyl hy vir laas gewys het op die noodsaaklikheid om nie onder die heerskappy van die Kaapse Sinode te kom nie.

Na die besoek van Ds. Murray aan Engeland, waar hy protesteer het teen die onafhanklikheid van Transvaal en Vrystaat, het die verset teen enige inlywing by die Kaapse Kerk nog meer toegeneem. In hierdie omstandighede was die koms van Ds. van der Hoff 'n uitkoms en dat dit tenvolle waardeer is, getuig die lywige feesprogram by geleentheid van sy ontvangs in die Transvaal. Daarna het groei-jare ingetree vir die Kerk.

Onvertroebel was hierdie jare ook nie; eers volg die afskeiding onder Ds. Postma, en weldra die onsmaaklike optrede van Frans Lion Cachet, dan die Eerste Anneksasie van Transvaal en eindelik die mis-

lukte Kerkvereniging. Midlerwyl het Rustenburg sy eie predikant gekry in die persoon van Ds G. W. Smits, wat met die steun van 'n Hollandse hulpfonds uit Nederland gekom het. Roerend beskryf die outeur die beproewinge, offervaardigheid en moedige optrede van hierdie man wat hom heelhartig ingewerp het by die lot van die Transvaal en die Hervormde Kerk.

Deur dit alles heen laat die skrywer die oudheid leef met die vertelling oor bekende plekke en persone en die beskrywing van ou gebruike, soos die pos van „dominé", d.i. die voorsanger; hoe belangrik en swaarwigtig was in die dae nie die dispuut tussen Kerkraad en stadsraad oor die gebruik van die kerkklok en kerkplein vir marksdoeleindes nie! Vanaf bls. 80 vertel die skrywer 'n reeks van sulke tekenende staaltjies wat die lewe en opvattinge van die tyd kostelik illustreer.

Die boek is origens ryk met portrette van bekende persone uit die kerklike en staatkundige lewe versier. Op die voorblad pryk 'n afbeelding van die sierlike pas voltooide Eeufees-kerk.

Uiterlik en innerlik is die werk goed versorg. Daar is net 'n ongerymdheid oor die aantal persone wat gemoedsbesware teen die sing van Evangeliese Gesange in die Rustenburgse Gemeente gehad het — op bls. 27 word hul aantal as twaalf aangegee, terwyl op bls. 37 hulle weer voorkom as negentien.

Die werk van PROF. ENGELBRECHT behoef nie aanbeveling nie. Daarvoor is hy en die resultate van sy ondersoekinge te bekend.

A. S. GEYSER.